# ONS OORWIN!

Jer 29:11 Want Ek weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die Here. Gedagtes van vrede, en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee.

Maak nie saak wat die wêreld na jou kant toe gooi nie. Daar is 'n hoopvolle toekoms omdat God sê jy het 'n hoopvolle toekoms.

# IN JOU BENOUDHEID

- Ps 50:15 - BELOFTE

En roep My aan in die dag van benoudheid: en Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer.

- Ps 34:18 - BELOFTE

Hulle roep, en die Here hoor, en Hy red hulle uit al hulle benoudhede.

# WATSE BENOUDHEDE ?

Moses – rooi see

Lot – stad se vernietiging

Daniël – leeukuil

Sadrak, Mesak en Abednego

Dawid – Saul

WATSE BENOUDHEDE ?

Joel 1:4

Sny sprinkane het die oes kom opvreet. Wat oorgebly het, het die swerm sprinkane verder verorber. Na hulle het die jong sprinkane gekom en wat hulle nog oorgelos het het nog ‘n swerm kom opvreet!

(7) Hulle het my wingerde en vyebome vernietig. Hulle het die bas afgetrek en die wit kaalgestroopte takke weggegooi.

(10) Die weiding is verwoes, die aarde in ‘n jammerlike toestand, die koring, die wyn, en die olywe is alles tot nuut.

(12) Die wingerde en die vye bome het verdroog en verdor. Die granaat bome, palm bome en appel bome, al die vrugte bome het verdroog. Alle blydskap het daarmee saam verdwyn.

(16) Ons het toegekyk terwyl ons kos voor ons oë verdwyn. Blydskap en vreugde het uit die huis van onse God verdwyn.

# ONDERVIND ONS DIT NIE?

- Werksgeleenthede droog op
- Finansiele groei is in gevaar
- Dienslewering het verdwyn
- Geleenthede vir ons kinders blyk afgevreet te wees
- As ons om ons kyk, sonder om na God te kyk, sien ons hoe alles in die hede, selfs ons toekoms tot vernietiging kom.

- Pastoor Danie se boodskappe oor die laaste paar weke sê "Daar is hoop".
- En Jesus sê in Mrk 10:27: Maar Jesus het hulle aangekyk en geantwoord: By mense is dit onmoontlik maar nie by God nie; want by God is alle dinge moontlik.

- Die goeie nuus is (jy is nie alleen)

Ps 34:16 - BELOFTE

Die oë van die Here is op die regverdiges en sy ore tot hulle hulpgeroep.

## Dit is hoekom Dawid kon uitroep:

Ex 15:11 O Here, wie is soos U onder die gode? Wie is soos U, verheerlik in heiligheid, gedug en roemryke dade, ene wat wonders doen.

En Dawid roep uit Ps 77:15: U is die God wat wonders doen; U het U sterkte onder die volke bekend gemaak.

Die Bybel sê as jy roep hoor God (dit is wat gebeur as jy roep)

Jer 1:12 Then said the Lord to me, You have seen well, for I am alert and active, watching over my word to perform it.

# ‘n PRAKTIESE VOORBEELD: 2 KRON 20

2 Kron 20:1, Hierna het die Moabiete, Amoniete en sommige van die Meuniete oorlog teen Josafat verklaar.

(2) Boodskappers het gekom en vir Josafat vertel: “’n Groot leër van Edon trek op teen U van die ander kant van die dooie see. Hulle is alreeds by Gaseson-Tamar, dit is En-Gedi.

(3) Josafat was baie ontsteld oor hierdie nuus en het vir die Here raad gevra (as his vital need). Hy het ook beveel dat elkeen in Juda moet vas.

(4) Die mense het van al die dorpe in Juda na Jerusalem toe gekom om die Here se hulp te soek.

(5) Josafat het opgestaan in die vergadering van die mense van Juda en Jerusalem voor die nuwe voorhof in die tempel van die Here.

(6) Hy het gebid: "Here, God van ons voorouers, is U nie die God wat in die hemele is nie. U is die Heerser oor al die koninkryke op die aarde. U is kragtig en magtig. Niemand kan teen U staande bly nie......

…..ons is magteloos teen hierdie groot leër wat op die punt is om ons aan te val. Ons weet nie wat om te doen nie, maar ons kyk op na U vir hulp…..

Dit is wat die Here vir julle sê: Moenie bang wees nie! Moenie moedeloos wees oor hierdie magtige leër nie, want die oorlog is nie julle s'n maar God s'n.

(17) Dit sal nie vir julle nodig wees om te veg nie. Neem julle posisies in en staan dan en kyk na die oorwinning van die Here. Hy is met julle….. Moet nie bang of moedeloos wees nie. Gaan more soontoe, want die Here is met julle.

En God **is aanbid** en met **oorgawe geprys.**

(21b) … het die koning sangers aangestel om voor die leër uit te stap. Hulle het tot eer van die Here gesing en Hom geprys vir Sy heerlike heiligheid.

(22) Die oomblik toe hulle begin sing en die Here prys, het Hy veroorsaak dat die leërs ….. onder mekaar begin veg …. En elkeen van hulle doodgemaak

(24) Teen die tyd dat die leër van Juda by die uitkyk punt van die woestyn kom was daar sover hulle kon sien net lyke op die grond. Nie een van die vyand het ontsnap nie.